# HOOFSTUK 11.

## SPORADIESE KOSHUISE ONTWIKKEL TOT 'N KOSHUISSTELSEL.

### 1. Algemene onderwystoestande gedurende die Anglo-Boere-Oorlog en in die tydperk van Kroonkolonie bestuur.

#### a. Die Anglo-Boere-Oorlog.

Met die klap van die eerste mauserskote te Kraaipan in die republiek Gosen op 12 Oktober 1899[1] is 'n tydperk in ons land ingelui waarin heldedade en krygsmansvernuf ons volksgeskiedenis verryk het, maar waarin die Boerevolk en veral die vroue en kinders van die twee republieke ook byna onbeskryflike ontberings moes verduur. Alles is ontwrig, onderwys seker nie die minste nie. Van werklike georganiseerde onderwys was daar aan die begin min sprake.

In Pretoria was daar 'n dertigtal onderwysers van wie die meeste onder N. Mansvelt uit Holland ingevoer is.[2] Slegs 'n geringe aantal van die persone kon met onderwys besig bly, alhoewel daar heelwat kinders van buite Pretoria gedurende die oorlogsjare in die hoofstad was. Na die anneksasie van Transvaal in September 1900 het hulle posisie nog moeiliker geword en was dit nie vir geldelike hulp uit Holland nie, sou dit seker onuithoubaar gewees het.

Op die platteland, met die uitsondering van enkele dorpe, was daar van onderwys geen sprake nie. Drastiese stappe is deur die Engelse troepe gedoen om die vegtende burgers tot oorgawe te dwing deur hulle plase af te brand en die vroue en kinders na konsentrasiekampe te stuur. So skryf 'n Engelse soldaat die volgende:[3]

„Vandat ons onder Clements is, het ons volop werk gehad met plase af te brand. Dit is soms baie

---

1) Walker: A History of South Africa, 489.
2) V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek, 144.
3) Emily Hobhouse: Die Smarte van die Oorlog, 25.

swaar. Verlede Sondag het ses van ons uitgegaan onder 'n Imperiale offisier na 'n mooi plaashuis, en ons het die inwoners vyf minute gegee om al hul goed en hulle self daaruit te kry. Daar was 'n ou grootmoeder, drie getroude dogters en verskeie kinders wat gehuil en om genade gesmeek het; maar nee, toe die tyd om was, het ons die huis tot op die grond afgebrand."

So ook gee die volgende brief ons 'n beeld van wat in baie distrikte plaasgevind het:[1]

„Krugersdorp, 24 Augustus:
Geen geveg het plaasgevind nie. 'n Plaaswoning is verbrand omdat die eienaar weg was op kommando. Die vroue en kinders is ingebring vir skuiling en voedsel. Hulle word goed opgepas."

In Junie van die volgende jaar was daar reeds 2602 vroue en kinders in die hierbogenoemde konsentrasiekamp. Op daardie tydstip was daar in Transvaal konsentrasiekampe te Barberton, Balmoral, Belfast, Heidelberg, Irene, Johannesburg, Klerksdorp, Krugersdorp, Middelburg, Mafeking, Nylstroom, Pietersburg, Potchefstroom, Standerton, Vereeniging, Volksrust en Vryburg.[2] Gedurende September 1901 vind ons die maksimum sametrekking van kinders in die Transvaalse konsentrasiekampe, naamlik 24,732 onder twaalf jaar.[3]

E. B. Sargent het in November 1900 diens aanvaar as Direkteur van Onderwys vir sowel die Oranje-Vrystaat as die Transvaal en het in die stigting van kampskole 'n goeie middel gesien om te begin met die angliseringsbeleid.[4] Aangemoedig deur die ywer vir onderwys van Boere-krygsgevangenes in die Groenpuntse krygsgevangenekamp,[5] is waar moontlik dorpskole herstig en in alle kampe 'n begin met skole gemaak. Die ingevoerde personeel was in die kampskole egter nie baie geslaagd of gewild nie omdat hulle slegs Engelssprekend was. Daarom is daar gebruik gemaak van die

1) „Times", 27 Augustus 1900.
2) Emily Hobhouse: Smarte van die Oorlog, 412.
3) Ibid, 406.
4) Walker: A History of South Africa, 501.
5) Tvl. and O.R.C. Public Ed. Report Nov. 1900 - Feb. 1904, 4.

dienste van Hollandse onderwysers, sommige van wie reeds met privaat skole begin het voordat die nuwe onderwysdepartement gefunksioneer het.[1] Sulke krygsgevangeneonderwysers is dan ook soms oorgeplaas na kampe waar hulle dienste deeglik benut kon word.

So skryf H. A. Hesse:[2]

„Kollegas uit die zware verdrukkingstyd,........ zullen met my getuigen van het heerlik en gezegend werk, wat wij hebben mogen verrichten onder die jeugd van ons verdrukt volk en met trots zien wij terug op onze nederige, doch gezegende arbeid."

Voor die einde van die oorlog was daar 42,000 kinders op skool.[3] Dit sluit leerlinge in van sowel Transvaal as die Oranje-Vrystaat, want in die Direkteursverslag[4] word die groei van getalle in Transvaal as volg aangegee: 1901 - 14,500; 1902 - 16,926; 1903 - 26,386 en in Februarie 1904 was dit reeds 28,787. Van skoolgeboue was daar bykans geen sprake nie; in die meeste gevalle moes tente hiervoor diens doen. Koshuise het glad nie gedurende hierdie periode bestaan nie. Die geboue wat vir die doel in Pretoria opgerig is deur die regering van die Z.A.R. en wat verbonde was aan die Gimnasium, Staatsmeisieskool en Modelskool, is vir militêre doeleindes of hospitale gebruik na die besetting van die hoofstad.[5]

b. <u>Na die oorlog</u>:

Reeds voor die sluiting van die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 het Lord Milner as administrateur van Transvaal 'n proklamasie[6] uitgevaardig waarvolgens alle skoolkomitees wat onder Wet 8 van 1892 saamgestel is, moet ophou om te bestaan en alle vaste eiendomme, met inbegrip van skulde en verbande,

---

1) V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek, 162.
2) Ibid, 163.
3) Walker, A History of South Africa, 501.
4) Tvl. and O.R.C. Public Ed. Rep. of Dir. of Ed. Nov. 1900 - Feb. 1904, 13. 5) Ibid, 15.
6) Prok. No. 9 van 1902, ged. 8 Febr. 1903.

oorgeplaas moet word na die onderwysdepartement. Persone wat bygedra het tot die oprigting van sulke geboue kon eise vir die bedrae indien en dit sou, na goedkeuring, deur die koloniale tesourie uitbetaal word.

Om nie heeltemal weg te breek van die stelsel van komitees nie en om 'n begin te maak met staatsondersteunde koshuise en staatstehuise word die volgende reëlings getref:[1)]

1. Die Luitenant-Goewerneur in Rade word gemagtig om plaaslike adviserende komitees aan te stel en deur regulasies die funksies en pligte van sulke komitees te bepaal.

2. Daar sal voorsiening gemaak word vir gewone en verdienstelike beurse om die onderwys van bekwame leerlinge aan te help.

3. Van regeringsweë sal koshuise opgerig en in stand gehou word, of daar sal sekere toelaes vir die doel beskikbaar gestel word, mits die inrigtings verbonde is aan skole wat onderhewig is aan goewermentsinspeksies.

Voordat E. B. Sargent in Junie 1903 opgevolg is deur Fabian Ware[2)] het hy die volgende aanbevelings[3)] in verband met plattelandse onderwys gemaak:

Op sentrale plekke in die distrikte moet skole en koshuise opgerig word vir ongeveer honderd leerlinge elk, tot by die vierde standerd. Hierdie inrigtings moet onder toesig van die onderwysers staan. Daar kan dan beurse van een pond per kwartaal per leerling toegestaan word, terwyl aan meer gevorderde leerlinge groter toekennings gemaak kan word vir bywoning van

---

1) Ord. 7 van 1903, ged. 13 Feb. 1903.
2) Coetzee, Onderwys in Transvaal 1838 - 1937, 80.
3) Verslag 1903, 45.

die dorpskole. Verdienstelike leerlinge kry verder beurse vir 'n hoërskoolopleiding, sonder dat bydraes van ouers geverg word.

2. Die owerheid roep 'n koshuisstelsel in die lewe.

a. Wetgewing om so 'n stelsel moontlik te maak.

Pas na die aanstelling van Fabian Ware as Direkteur van Onderwys is die pligte van die adviserende komitees vir skole vollediger omskryf.[1] So 'n komitee sal gekies word deur die vaders van leerlinge in skole met 'n inskrywing van meer as honderd en sal bestaan uit vyf tot twaalf lede met die inspekteur van onderwys as voorsitter. Die komitees mag onder die regulasies betreffende die subsidies vir die aanbou van skoolkoshuise[2] verantwoordelikheid aanvaar vir die algehele bestuur van enige onsektariese koshuis vir plaaskinders of weeskinders verbonde aan die bepaalde skool. Hulle sal dan ook die inspekteur adviseer oor die noodsaaklikheid daarvan en die beste metodes om sodanige koshuise uit te rus, en sal ook as adviserende liggaam optree om leerlinge aan te wys wat in aanmerking moet kom vir vry losies by enige soort koshuis, asook by dié van hoërskole.

Op 'n kongres van inspekteurs wat in Augustus 1903 gehou is,[3] is daar tot die gevolgtrekking gekom dat, hoewel die plaasskole nuttig was om die ouers se vertroue te wen, die tyd aangebreek het om groter sentrale skole te stig waar beter onderwys-fasiliteite geskep kon word en wat ook meer ekonomies sou wees. Slegs 1030 laerskoolleerlinge het op hierdie tydstip weg van hulle huise af geloseer om onderwys te ontvang. Op aanbeveling van die inspekteurs is die volgende regulasies in September uitgevaardig vir die oprigting

1) Goew. Ken. No. 860/1903, 13 Aug. 1903.
2) Ord. 7 van 1903.
3) Dir. Verslag 1903, 9.

van koshuise:

<u>Regulasies vir subsidies aan koshuise in plattelandse distrikte.</u>[1]

1. Koshuise by goewermentskole in die buitedistrikte sal deur plaaslike komitees of, in gevalle waar 'n skoolkomitee bestaan deur dié komitee beheer word.

2. Die komitee sal verantwoordelik wees vir dié kontrole, bestuur en onderhoud van sulke inrigtings.

3. Na goedkeuring van die Direkteur sal een pond per kind per maand bygedra word vir leerlinge wat minstens ses maande daar geloseer het.

4. Hierdie geld sal aan genoemde komitees uitbetaal word nadat die hoof 'n eis deur bemiddeling van die inspekteur ingedien het.

5. 'n Lening van hoogstens £300 sal renteloos toegestaan word vir die oprigting van 'n koshuisgebou.

6. Hierdie toekenning het niks te doen met enige toelae vir gratis voedsel wat die goewerment gedurende die jaar (1904) mag verskaf aan kinders, wie se ouers nie in staat is om daarvoor te betaal nie, en wat in die inrigtings gehuisves is.

Die toekennings van beurse was op dié stadium nog eksperimenteel van aard soos blyk uit 'n omsendbrief aan kringsinspekteurs,[2] waarin wenke gevra word hoe 'n bedrag van £400 op sy beste aan behoeftige gevalle bestee kon word.

„I may add that there is no intention of providing assistance on the lines of the late government. It is intended that the above sum of money which can be allocated to you for your district should be used to promote the boarding hostel scheme with the object of securing larger central schools."

Uit die reaksie van die inspekteurs op hierdie opdrag, blyk dit baie duidelik dat die probleme in verband met koshuis-aangeleenthede legio was, maar

---

1) Dir. Verslag, 1903, 9 en 10.
2) Ibid, 12.

dat die algemene gevoel nogtans bestaan het dat dit 'n moontlike oplossing vir onderwys in die ontwrigte landsekonomie sou bring. Daar sal egter groter tegemoetkoming van owerheidsweë moet kom, want min van die plattelandse bevolking is in staat om enige finansiële verpligtinge na te kom. Hoe armer 'n omgewing, hoe kleiner is die moontlikheid dat die skema 'n sukses sal wees. Daarom tref ons dan ook die verskynsel aan dat vir sommige distrikte geen koshuise aanbeveel word nie (byvoorbeeld Barberton),[1] terwyl in ander distrikte spesifiek daarvoor aangevra word. (Vir Heidelberg ses, vir Pietersburg ten minste twee).[2] Tog sal so 'n stelsel nooit die klein skooltjies heeltemal kan vervang nie, want in die dunbevolkte streke is die vervoerprobleem te groot, terwyl die rykes hulle kinders na die Kaap en Natal sal bly stuur (insp. J. H. Corbett - Klerksdorp).[3] In ander gevalle weer is die ouers onbekwaam om losiesgeld te betaal, hoe gering dit ook al is en verder moet hulle die kinders op die plase hê, omdat daar so 'n geweldige tekort aan arbeid was. (Insp. H. P. Mills - Barberton en H. S. Scott - Ermelo-Standerton).[4]

Om van die stelsel 'n sukses te maak, word die volgende aanbevelings gedoen.[5]

1. Koshuise moet deur die owerheid opgerig word, aangesien plaaslike komitees huiwerig is om skulde aan te gaan, (insp. J. D. Kerrich - Volksrust). „Bad debts is an important item on the budget of private boarding schools all the world over." Uit 'n bedrag van £10,000 wat gestem is vir lenings ten

---

1) Dir. Verslag 1903: Jaarverslae van inspekteurs van Onderwys, 10.
2) Ibid, 10.
3) Ibid, 10.
4) Ibid, 11.
5) Ibid, 12.

opsigte van vyftig koshuise teen £200 elk is daar dan ook slegs om twee lenings van £75 en £150 onderskeidelik aangevra.

2. Losiesbeurse kan rantsoene vervang, maar moet dan kos en inwoning dek. Om hierin te voorsien sal vir 'n distrik 'n beursfonds van tenminste £1,000 nodig wees.

3. Daar moet noukeurige sorg bestee word aan die plek waar die permanente skool en koshuis opgerig word (insp. C. Mansfield - Pretoria distrik).[1] Dit moet aan alle opvoedkundige vereistes voldoen sodat die vertroue van die ouers gewen kan word, en ander goewermentskole mag dan nie in die nabyheid opgerig word nie.

4. Die inspekteur en die magistraat moet die reg hê om beurse toe te ken.

Op 'n konferensie van inspekteurs wat in Desember 1903[2] gehou is, is nog die volgende bykomende aanbevelings onder die aandag van die Direkteur gebring: Dit is wenslik dat die huidige koshuisstelsel vir nog 'n verdere jaar op die proef gestel word, maar dan moet daar nie eenvormige voorskrifte vir al die distrikte wees nie. Aan inspekteurs moet die reg gegee word om 'n gedeelte van die £400 te bestee aan transport van leerlinge en hulle sal dan kan vasstel watter praktyk die beste sal deug vir die onderskeie distrikte, sonder dat die regering verantwoordelikheid vir alle onderwyskoste hoef te aanvaar. Verder word algemeen erken dat die een pond per maand beurstoekenning heeltemal ontoereikend is.

---

1) Dir. Verslag 1903: Jaarverslae van Inspekteurs van Onderwys, 10 - 12.
2) Ibid, 12.

b. Beursregulasies.

Volledig-omskrewe beursregulasies[1)] is eers saamgestel nadat J. E. Adamson in Junie 1905 Direkteur van Onderwys geword het. Daar is twee afsonderlike stelle regulasies in werking gestel, naamlik dié van toepassing op buiteskole en dié vir hoërskole.

(i) Vir buiteskole.

1. Die beurse sou alleen beskikbaar wees vir leerlinge wat in standerd drie geslaag het, en wat verder as drie myl van die skool, wat die nodige standaard van onderwys verskaf, woon.

2. Aard van die beurse: Gedeeltelike of algehele betaling van die geld wat vereis word vir die kos en inwoning van skoliere aan die kommissie van 'n koshuis wat opgerig is onder die koshuisregulasies, of aan privaat persone onderhewig aan die goedkeuring van die inspekteur.

3. Die maksimum bedrag sal vier sjielings per week wees, en is alleen betaalbaar as die skoolbesoek bevredigend is.

4. Beurse word volgens die diskresie van die Direkteur uitbetaal op aanbeveling van die inspekteur en die skoolkommissie, waar een bestaan. 'n Aanbevelingskomitee van drie lede sal uit die kommissie of ouervergadering vir die doel gekies word en sal bygestaan word deur die distrikshoofonderwyser of hoof van die skool. Laasgenoemde beampte sal aan die inspekteur rapporteer ten opsigte van die getal leerlinge in die omgewing van die skool wat 'n beurs nodig het om die skool by te woon, die fasiliteite wat aangebied word asook die koste daaraan verbonde, en die bedrag wat die ouer by magte is om by te dra. Hierdie rapport moet dan ook aan die komitee, waar een bestaan, voorgelê word.

1) Dir. Verslag, 30 Junie 1906, Bylaes Vll en Vlll, 200 - 203.

5. As die inspekteur sy aanbeveling (Bylae A van die regulasies) aan die Direkteur voorlê, moet hy sertifiseer dat die kinders meer as drie myl van die genoemde skool woon, dat huislike omstandighede sodanig is dat hulle nie sonder ondersteuning die skool kan bywoon nie, en dat sulke beurse in belang van die onderwys in die distrik is.

(ii) Vir hoërskole.

1. Daar sal oop mededinging wees vir belowende leerlinge om losiesbeurse van £20 - £40 te verwerf by die hoërskole te Pretoria, Johannesburg en Potchefstroom.

2. Sulke beursleerlinge moet in 'n kosinrigting verbonde aan die skool, as daar een bestaan, inwoon.

3. Alleen ouers met 'n inkomste van minder as £500 per jaar kan in aanmerking vir die beurse kom.

4. Eerste toekennings sal gemaak word aan leerlinge tussen die ouderdomme van twaalf tot veertien jaar, en kan daarna hernu of ingetrek word op aanbeveling van die betrokke skoolhoof.

5. Beurseksamens sal jaarliks in September afgeneem word.

'n Bedrag van £6000 is gestem om laerskoolleerlinge van die platteland na dié skole te bring. Die gemiddelde bedrag was 'n halfkroon per leerling per week en 1306 leerlinge is op die wyse na die skool gebring. Konsentrasie is hierdeur moontlik gemaak, die kleiner skole het groter geword met 'n groter personeel en gevolglik met 'n effektiewer organisasie, terwyl die algemene peil van onderwys verhoog is. Die hoop is uitgespreek dat skoolrade sal meehelp om eenmanskole tot niet te kry.[1)]

1) Dir. Verslag, 30 Junie 1906, 41 - 42.

3. Soorte van kosinrigtings wat ontstaan het.

a. Suiwer staatsinrigtings.

In Junie 1906 het daar reeds ses hoërskole in Transvaal bestaan en wel in Johannesburg, Pretoria en Potchefstroom.[1] Die koshuise wat aan hierdie inrigtings verbonde was, was heeltemal onder staatsbeheer. Aan die begin kon daar nie finaal besluit word of die skole heeltemal op die lees van die Engelse „Public School"-idee geskoei moet word nie. Hoewel daar gemeld word dat dié te Johannesburg as essensiële dagskole beskou sal word en dié te Pretoria en Potchefstroom as 'n kombinasie van dag- en kosskole, word daar nogtans noukeurig ondersoek ingestel in die voor- en nadele verbonde aan die twee soorte skole.

Baie ouers reken dat die kosskool met 'n voordeel begin: dit verbeter die toon van 'n skool en vorm die kern waarom sentiment geweef en vitaliteit opgebou word. Hoewel die Engelse „Public School" - en dit is die model wat ondersteuners van die kosskool bewus of onbewus in gedagte gehad het - van groot waarde is, val dit te betwyfel of die soort skool hier in ons land die skool van die toekoms sou word.[2]

In die „Report of Commission on Secondary Education, 1895,"[3] word die saak uit verskillende oogpunte benader. „Public Schools" het nie op die vasteland van Europa en in die Ryksgebiede soos in Engeland geflo- reer nie, waar die sukses grootliks toe te skryf was aan die geskiedkundige agtergrond: Toe onderwyshervorming aan die begin van die negentiende eeu ontstaan het, is aan die „public school" voorkeur verleen en tradisie het die res gedoen. Hierdie inrigtings is later beskou as die kweekplek van die toekomstige

1) Dir. Verslag, 30 Junie 1906, 90 - 94.
2) Ibid, 90 - 94. 3) Ibid, 90 - 94.

regerende klas. Voorstanders van kosskole se argumente het heelwaarskynlik 'n groter oorsprong in sosiale dan in opvoedkundige oorwegings, want dit ontbreek aan die sterk bande van natuurlike liefde, sy lede is te veel om behoorlike individuele kennis aan leerlinge te bewerkstellig en die gedurige verwisseling van onderwyser en ouer veroorsaak gebrek aan harmoniese ontwikkeling. Verder oefen die dagskool groter invloed uit op die omgewing, sluit meer aan by die volksmassa en wek 'n gesonde belangstelling in onderwyssake. 'n Vereiste vir 'n suksesvolle dagskool is 'n digbevolkte streek, terwyl die kosskool se natuurlike ligging op die platteland is.

Bewus synde van hierdie nadele van die koshuisstelsel, het die onderwysowerhede nie maar blindelings oorgegaan tot die oprigting van dergelyke inrigtings nie. Ons landsomstandighede het dit egter meegebring dat dit in baie gevalle die enigste oplossing vir andersins onoorkomelike probleme was, en hulle moes gevolglik reëlings tref vir die daarstelling van fasiliteite om aan alle kinders sover moontlik gelyke opvoedings- en onderwysgeleenthede aan te bied.

Hoewel die hoërskole aan die Rand tipiese dagskole was, is daar tog voorsiening gemaak aan die Johannesburgse kollege vir 'n aantal loseerders. Op hierdie stadium was daar egter min sprake van 'n werklike koshuis verbonde aan die skole aan die Rand. In die geval van Potchefstroom en Pretoria was die posisie egter heeltemal anders. Hier moes akkommodasie aan die plattelandse leerlinge in die middelbare onderwys verskaf word. Die seunskool te Pretoria het wel 'n losiesinrigting gehad, maar die ligging

sowel as die toestand van die gebou was alles behalwe bevredigend. Volgens die Direkteur[1] was daar „deplorably inadequate accommodation for boarders, and the question of removing the school to more appropriate environment must as soon as possible be faced." Nogtans is aan ongeveer vyftig leerlinge hier huisvesting verskaf. Wat die meisieskool te Pretoria betref, was toestande heelwat gunstiger. Tog is die gedagte uitgespreek dat ook hierdie geboue baie doeltreffender sou wees aan die buitewyke van die woongebied. Voorsiening is hier gemaak vir 44 dogters. Te Potchefstroom, waar die ligging van die koshuis beter was as in Pretoria, is die grootste mate van tevredenheid ondervind.

b. <u>Koshuise opgerig op inisiatief van plaaslike komitees</u>:

Volgens Goew. Ken. 860/1903 en die daaropvolgende regulasies vir subsidies aan koshuise in plattelandse distrikte[2] is aan plaaslike komitees magtiging verleen om koshuise op te rig en algehele verantwoordelikheid vir die bestuur daarvan te aanvaar. Tot met die aanname van die Onderwyswet van 1907 het daar nie baie reaksie op hierdie voorgestelde skema plaasgevind nie, deels omdat privaat inisiatief meer toegespits was in die oprigting van die C.N.O.-skole en andersyds omdat in die jare wat op die Anglo-Boere-Oorlog gevolg het, geld betreklik skaars was. Die paar koshuise wat onder die skema opgerig is, kan bykans buite rekening gelaat word. Tog is die nodige aanvoorwerk gedoen en die grondslag gelê vir die stelsel wat later as goedgekeurde koshuise bekend sou staan.

1) Dir. Verslag, 1900, 93.
2) Dir. Verslag 30 Junie 1906, 200.

Die kontrole daarvan het kortliks op die volgende neergekom:

Die owerheid verskaf die gebou of betaal die huur as dit privaat eiendom is. 'n Plaaslike komitee teken 'n akte van waarborg, waardeur hulle onderneem om gesamentlik en individueel verantwoordelik te wees vir enige skuld wat aangegaan mag word. Hierdie komitee stel dan hulle eie losiesgeld en huishoudelike reëls vas, benoem huisvaders en matrones, bepaal hoe daar boek gehou sal word van die geld wat hulle hanteer en kan met die winste, indien enige, na goeddunke handel.

4. Inrigtings verbonde aan die C.N.O.-skole.

Gedurende die Anglo-Boere-Oorlog was die lot van alle Hollandssprekendes in Pretoria, en veral dié van die onderwysers, onbenydenswaardig. Die meeste van hulle het geen bestaansmiddele gehad nie en allerhande werk moes noodgedwonge onderneem word. Met behulp van die Nederlandse Bystandsfonds kon ds. Bosman 'n aantal skole darem nog staande hou, maar dit was onmoontlik om aan die dertigtal onderwysers op hierdie wyse 'n heenkome te bied.[1)]

In Holland het daar destyds 'n kommissie bestaan waaraan die heer H. J. Emous, hoof van 'n skool te Amsterdam, 'n leidende aandeel geneem het. Die steun wat hierdie kommissie aan die onderwysers, wat uit Holland hierheen gekom het, gebied het, was in die vorm van voorskotte. Dit het egter nodig geblyk dat daar 'n komitee in Pretoria sou bestaan met wie die heer Emous in direkte kontak kon kom om die saak van die onderwysers te behartig. So 'n komitee is dan ook saamgestel, bestaande uit die here

1) V.V.O.O.Z.A. gedenkboek, 143 - 147.

N. Tromp, H. H. van Rooyen, J. J. de Visser, W. Klooster, H. Boneschans en M. Vaandrager. Hierdie komitee, „Vriendenkring" genoem, het daarna as skakel opgetree tussen die heer Emous en sy kommissie in Holland en die hulpbehoewende onderwysers.

Na afloop van die oorlog het die aantal leerlinge in die Hollandse skole te Pretoria afgeneem namate die Boerefamilies weer na die platteland teruggekeer het en talle onderwysers het teruggekeer nadat die krygsverrigtinge gestaak is. Die probleem van werkverskaffing het in omvang toegeneem. Moes hulle maar die stryd vir die Hollandse taal gewonne gee en probeer om op 'n ander wyse 'n broodwinning te vind? Uit Holland kom die bemoedigende woorde van die heer Emous soos opgeteken in sy „Christelijk Schoolblad:"[1)]

„Indien het Afrikaanse Volk de taal sou prijsgeven, zo ware het ondergegaan en verzwolgen en daarom , wie tans iets voelt voor de zaak der Hollandse Afrikaners, late niet na het Nationaal Onderwijs in de eigen taal met alle krachten te bevorderen. De weg daartoe is reeds gebaand."

„Vriendenkring" het die opdrag ontvang om die stigting van privaatskole op 'n Christelik-nasionale grondslag te help bevorder. Met betroubare Afrikaanse voormanne is oorleg gepleeg en van die begin af is daarop aangedring dat die ouers, waar enigsins moontlik, 'n bydrae tot die onderwys moes maak. Van alle kante het daar briewe gekom waarin navraag om verdere inligting en aansoek om geldelike steun gedoen is. Vanuit Holland is die nodige finansiële hulp beloof. Die besteding van hierdie fondse en die verdere organisasie, het 'n taak van te groot omvang geword vir „Vriendenkring" en vanaf 1902 is daar in noue voeling met die „Algemene Kommissie tot behartiging van 't Kristelik Nationaal Schoolonderwijs" saamgewerk. Hierdie kommissie het bestaan uit di. H. S. Bosman en P. Postma,

1) V.V.O.O.Z.A. gedenkboek, 143 - 147.

die heer M. E. de Wildt, dr. H. Reinink en generaal J. C. Smuts.

Op 'n vergadering van „Vriendenkring" wat op 8 Desember 1902 gehou is, word besluit dat dit in belang van die onderwys sou wees as daar 'n persoon benoem sou word wat voltyds die administratiewe aangeleenthede kon behartig onder toesig van die Algemene Kommissie. Hiermee was die werk van „Vriendenkring" afgehandel en is die bestuur van onderwyssake geplaas in die hande van H. Visscher, 'n inspekteur tydens die dienstermyn van dr. N. Mansvelt, onder toesig van die kommissie wat aan die begin van 1903 herdoop is tot „Hoofdkommissie voor Christelik Nationaal Onderwys." Hierdie kommissie het nou bestaan uit die predikante van die drie Hollandse kerke in Pretoria, te wete di. H. S. Bosman, P. Postma en M. J. Goddefroy asook generaal C. F. Beyers en die here S. Meintjies, M. de Wildt en A. D. W. Wolmarans.[1]

Reeds op sy eerste vergadering het die vergrote kommissie 'n reglement voorgestel vir die Hollandse buiteskole.[2] Dit is in 1903 saam met die leerplan vir die C.N.O.-skole gepubliseer. Hieruit blyk dit dat die kommissie uitgaan van die beginsel dat dit die taak van die ouers is om te sorg vir die opvoeding en onderwys van hulle kinders, en as ouers nie hierdie finansiële verpligtinge kon nakom nie, hulp verleen sou word. Die onderwys moes gegee word in 'n Protestantse, Christelike gees.

Nadat dit bekend geword het dat daar in Pretoria 'n kommissie bestaan het wat steun aan Hollandse skole sou verleen, het die skole toegeneem oor die lengte en breedte van Transvaal.[3] Die beskikbare

1) V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek, 150 - 155.
2) Coetzee, Die Geref. Beginsel en die Ond. in Transvaal 1859 - 1937, 25.
3) V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek, 153 - 157.

fondse was ontoereikend vir die geweldige aanvraag. In samewerking met die leiers van „Het Volk," wat fondse in Europa byeengebring het vir die heropbou van die oorwonne volk, kon daar egter met die groot taak voortgegaan word. Die aantal skole het weldra gegroei tot ongeveer 200 met ruim 6000 leerlinge. In baie gevalle het die C.N.O.-skole meer leerlinge getrek as die goewermentskool in dieselfde dorp en was die onderwysers so besiel met hierdie idealisme dat die aanbod van 'n hoër salaris van die onderwysdepartement hulle nie kon weglok nie.

Geldelike steun was egter 'n gedurige bron van kommer en alle moontlike pogings is in die werk gestel om die gereelde fondse uit Holland aan te vul. Dit sou seker onmoontlik gewees het om 'n inspekteur van skole in die persoon van J. K. M. te Boekhorst aan te stel as sy salaris nie uit Holland vergoed is nie. Onderhandelinge is intussen ook aangeknoop vir meer tegemoetkoming van regeringsweë, veral wat die gees van die onderwys betref. Dit het egter op dowe ore geval, moontlik omdat die Departement bewus was van die geldelike krisis waarin die kommissie hulle bevind het. Verskillende skole is noodgedwonge ingeskakel by die regeringskole.

Volgens die Direkteur van Onderwys het hierdie skole ontstaan omdat die Boerevolk bevrees was dat hulle taal en godsdiens in gevaar gestel sou word na die anneksasie van Transvaal deur Engeland. Hierdie misverstand is eers uit die weg geruim nadat verantwoordelike bestuur in 1907 aan die provinsie toegeken is.[1]

Om 'n beter begrip van die juiste verloop van

1) Dir. Verslag, 30 Junie 1907.

sake te kry van die ontstaan, ontwikkeling en probleme van die C.N.O.-skole met kosinrigtings daaraan verbonde, is dit nodig dat ten minste een geval meer in die besonder ondersoek word. Op die plaas Uitkomst in die Ermelose distrik is daar kort na die vredesluiting 'n begin gemaak met 'n privaatskool. Fondse was al dadelik 'n probleem en 'n skrywe aan generaal J. C. Smuts in dié verband het die volgende reaksie tot gevolg gehad:[1)]

„Hoewel ek maar een lid der hoofdkommissie ben, wil ek het byna op my nemen om u omtrent £500 gerust te stellen. Ik ben er voor dat een groot gedeelte de gecollecteerde geldén voor onderwys zal worden gebruikt. Wat helpt het onze zaak zoo al die gelden onder de weduwen en wezen verdeeld worden? Veel beter voor onze zaak om een groot gedeelte ervan te gebruiken voor een doel dat veel vrucht voor onze zaak zal dragen.........................................
Ik blyf vol moed en geloof en voel verzekerd dat er iets groots is weggelegd voor ons diep geteisterd volk."

In 'n dunbevolkte streek was dit reeds van die begin af nodig dat daar voorsiening vir die losies van leerlinge gemaak sou word.[2)]

„Die huis van die heer W. Bührmann het gedurende die oorlog diens gedoen as hospitaal van die Boere-ambulans onder leiding van dr. A. Juriaanse en het sodoende aan die vlamme van die vyandelike brandstigters ontsnap. Met uitsondering van 'n paar kamers bied die heer Bührmann sy woning aan om as losieshuis diens te doen vir leerlinge uit die omtrek. (Met een lokaal as skoolklaskamer.)

Met 'n besoek van mnr. en mev. Bührmann aan Stellenbosch verkry hulle die dienste van mej. A. E. Adriani, gewese hoof van die Staats-meisieskool op Pretoria........................................

Vir die distrik sou dit beter wees as die skool na 'n sentrale plek verskuif word. Na oor en weer onderhandeling is besluit dat mej. Adriani so spoedig moontlik na Ermelo sou verhuis.

Die Kerkraad van die N. H. of G.-gemeente was gewillig om drie erwe beskikbaar te stel vir die bou van 'n skool, waaraan 'n losieshuis vir meisies verbonde sou wees.................................
Selfs ongetroude jongkêrels het dit hulle plig geag om van hulle karige salaris 'n deeltjie elke jaar opsy te sit vir die skool.................................
Op 2 Augustus 1904 het die opening van die inrigting op die dorp plaasgevind. Dit het bestaan uit 'n dagskool vir seuns en meisies en 'n losieshuis alleen

1) Brief van gen. J. C. Smuts aan W. H. Bührmann ged. 14 Maart 1903.
2) Brosjure van J. J. van der Merwe oor die „Uitkomst Meisjes Tehuis," Augustus 1929, by geleentheid van die inrigting se kwarteeufeesviering.

vir meisies. Die onderwys en opvoeding sou ingerig word na die eise van die tyd, op die grondslag van die kommissie vir C.N.O. Aan die hoof van die inrigting staan mej. Adriani.

Eenvormige kleredrag vir kosleerlinge is 'n vereiste. Vir daaglikse gebruik 'n donker katoen kappie, vir Sondae 'n wit strooihoed met 'n skoollint. 'n Bed met die nodige beddegoed word verskaf, maar die leerlinge moet hulle eie seep en handdoeke voorsien. Kosgelde is as volg vasgestel: 'n Intreegeld van £1 -10s., kosgeld £9 per kwartaal en vir musieklesse (piano, orrel en viool) £2 - 5s per kwartaal.

Mej. Adriani het die hoeksteen gelê en gesê: ,Die boumeester verklaar dat die steen goed gelê is. Maar daar is 'n ander hoeksteen wat gelê moet word. Die kinders is die hoeksteen van die volk en as die steen nie goed gelê word nie, ly die volk skade.............'

Ofskoon uitgeroei en geruïneer deur die oorlog het die ouers die subsidie van die regering versmaai en gegee wat hulle kon om hulle kinders onder die indruk te bring dat hulle vaders manne was wat ge-eerd behoort te word en dat hulle taal werd is om in hul huise, by hul altare en in kantore gebruik te word............

As C.N.O.-skool het die Uitkomst-skool voortbestaan tot in 1907 onder die toesig van 'n kommissie wat verantwoordelik was aan die kerkraad."

Hier vind ons reeds die eerste optrede van die kerk om te voorsien in die behoefte van koshuise, 'n beleid wat later in baie van ons plattelandse dorpe aangetref sou word.

5. Samevatting.

Gedurende die Anglo-Boere-Oorlog is daar nêrens koshuise aangetref nie. Die grootste gedeelte van die bevolking was in die krygsverrigtinge saamgehok. Waar moontlik het onderwys egter die aandag geniet en veral in die konsentrasiekampe is georganiseerde skole in die lewe geroep. Landstoestande was na die vredesluiting uiters haglik. Armoede het die meeste teruggekeerdes van kommando, ballingskap en krygsgevangenekampe in die gesig gestaar. Op die plase het daar 'n groot tekort aan arbeidskragte geheers en elke kind se hulp was nodig in die heropbou van 'n verwoeste land. Daarby het die oorwinnaar beginsels neergelê wat nie eie aan ons volksaard was nie. Maar met die wete dat as hulle die kind kon beïnvloed, die toekoms verseker is, is alles deur die owerheid in

werking gestel om van onderwys 'n sukses te maak.

By die Engels-georiënteerde hoërskole in Johannesburg, Pretoria en Potchefstroom is koshuise opgerig wat deur die staat beheer is. Waarskynlik as gevolg van gebrek aan fondse is dieselfde praktyk nie deurgevoer in die geval van laerskole of op die platteland nie. Deur middel van wetgewing is 'n stelsel van staatsondersteunde koshuise daargestel om die beleid van sentralisasie te bevorder. Deur middel van lenings aan plaaslike komitees vir die oprigting van geboue en toekennings van beurse aan behoeftige leerlinge is daar gepoog om die eenmanskool uit te wis.

Instede daarvan dat die mense op groot skaal gebruik gemaak het van hierdie aanbod van die staat het die C.N.O.-inrigtings as opposisieskole ontstaan en gegroei, nieteenstaande die uiters moeilike omstandighede waaronder die mense gelewe het. Elke ouer het sy deeltjie bygedra om ons volkseie te bewaar vir die volk van die toekoms. Hul godsdiens en hul taal moes ongeskonde bly voort bestaan. Al drie Afrikaanse kerke was verteenwoordig op die hoofbestuur, wat met behulp van fondse uit Holland en die samewerking van vooraanstaande volksmanne daarin geslaag het om 'n organisasie op te bou waarmee die onderwysowerhede wel deeglik rekening moes hou. Waar dit nodig was is koshuise opgerig by die C.N.O.-skole. Beskikbare fondse het die aard van die geboue bepaal en dit het gewissel van 'n hout-en-sink geboutjie tot meer doelmatige geboue wat met latere aanbousels vandag nog in gebruik is.

Die grondslag vir 'n koshuisstelsel is nou gelê, en vir baie jare daarna was staatsondersteunde inrigtings die stelsel wat in Transvaal in swang was.

Suiwer staatsinrigtings het beperk gebly tot enkele hoërskole wat reeds in die beginjare na die oorlog gestig is, of waar daar nie 'n plaaslike liggaam of komitee gevind kon word wat die verantwoordelikheid wou aanvaar nie. So gewild het die stelsel geword dat daar op verskeie plekke in Transvaal vandag nog die sogenaamde goedgekeurde koshuise gevind word, inrigtings waarin verantwoordelike liggame nie alleen die finansiële belange behartig nie, maar ook die gees van die inrigtings bepaal.

oOo